# DIE PROFEET EN DIE PROSTITUUT

Joh 3: 16: 'God het **die wêreld** (dit sluit jou in) so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê'

- Liefde is die rede vir ons bestaan / Ons is die objekte van God se radikale liefde en genade

750 jaar voordat Jesus na planeet aarde gekom het om- die sonde-probleem op te los, is ...

- God se radikale, onlogiese, onvoorwaardelike liefde op 'n dramatiese wyse ten toongestel deur 'n profeet met die naam van Hosea / hy het in die noorde van Israel gewoon
- Baie van die ou Test profete het unieke, uitsonderlike opdragte van die Here ontvang
- Esegiël – 390 dae op sy linkersy & 40 dae op sy regtersy
- Maar Hosea het sonder twyfel die mees buitengewone opdrag van die Here ontvang
- Die Here sê vir hierdie profeet en siener en man van God hy moet met die prostituut Gomer trou / ekskuus tog, Here? Sê net weer? / Hoor ek reg?
- So – in gehoorsaamheid trou Hosea met Gomer die prostituut
- Drie kinders: Jisreël – dui op God se voorgenome oordeel oor die koningshuis van Jehu / Lo-Rugama – beteken 'sonder ontferming' – dui op God se voorneme om Hom nie meer oor Israel te ontferm nie / Lo-Ammi – 'nie My volk nie'
- Betekenis van al drie die name moes die volk van Israel daaraan herinner dat God ongelukkig was met hulle ontrouheid
- So – met die huwelik gaan dit die eerste ruk relatief goed

Toe ...

- Een oggend word Hosea wakker .. vrou is weg / nie in bed langs hom, kombuis – weg!
- Hier is hierdie man van God, profeet, siener .. ewe skielik 'n enkelouer met 3 kinders
- Hy was op daardie stadium waarskynliik een van die mees bekende en gerespekteerde persone in Israel en veronderstel om 'n baken van hoop te wees vir sy volk – en sy vrou verlaat hom – en sy gaan terug na die sekslaaf-industrie toe – sy word weer 'n prostituut

Hosea raadpleeg toe die Here en vra wat hom te doen staan ...

- Verstommende antwoord – gaan soek haar en vind haar en knoop weer 'n liefdesverhouding met haar aan en trou weer met haar
- Daar gaan hy – rooiligarea toe / na die bordele toe / praat op straat met mense wat ook in die prostitusiebedryf is en vra of hulle nie weet waar Gomer is nie
- Uiteindelik kry hy haar – op 'n veiling – sy was toe weer 'n sekslaaf /stap in & sê vir die mense dis my vrou / gee nie om nie – sy's my slaaf en die prys is 15 stukke silwer en 5 dele gars / divine, gracious energy of God towards humanity / 5 – number of grace / silwer – verteenwoordig divinity / gars (barley) brood van die lewe – gospel
- Ek sal betaal wat ook al die prys is! / maar wag! Sy is alreeds jou vrou – so jy's bereid om te betaal vir iemand wat alreeds joune is!
- Ps 24: 1: die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daar woon, alles behoort aan die Here / tog het Jesus ons op die slawemark kom koop teen 'n prys – Sy kosbare bloed! / ex-aggoratio – to buy out of the slave market! / redemption! / die skepping behoort tog aan die Skepper – tog was Hy bereid om vir ons te betaal – net soos Hosea!!

- Hosea koop weer vir Gomer (sy vrou) terug en hernu of herhaal sy troubeloftes aan haar!

Net nadat Hosea sy vrou teruggekoop het ...

- Begin te profeteer oor 'n tyd/era wat sal kom / ons leef in daardie era!!
- Hfst 3 / hier is iets wat baie interresant is / in OT het mense in vrees geleef vir God se oordeel en wraak / maar hier, nadat Hosea sy vrou teruggekoop het, profeteer hy van 'n tyd wat sal kom waneer 'n messiaanse koning regeer / en mense sal met siddering aankom na die Here en na sy goedheid / people will be in awe of his goodness / it is the goodness of God that leads us to repentance

Wie is Hosea? / Wie verteenwoordig Hosea?

- Hosea se naam beteken 'salvation' / redding / salvation belongs to our God!
- So Hosea is God! / Jesus

Wie is Gomer?

- Beteken 'completeness' / kompleet of voltooid of 'n klaar produk!!
- Ek, jy, ons is Gomer!
- As Hosea (salvation) jou gevind het waar jy ookal was, is jy 'complete!"

Hosea:

- ~~Sal~~ Het in die mees obskure plekke na Gomer gaan soek – rooiligareas, bordele, plekke waar ordentlike mense nie kom nie
- Dis wat God doen! Hy sal nooit ophou om na jou te soek nie! / hy sal jou kom red uit die mees morsige plekke denkbaar!

Jesus is ons Hosea!!

- Hy het ons kom soek en ons uit slegte plekke kom haal en vir ons gesê 'Ek betaal vir jou (jy wie alreeds aan My behoort!) en Ek trou weer met jou
- Wil weer intieme verhouding met jou hê! / Jesus completes us!!
- Mat 9: vra vir Jesus "hoekom eet Hy met tollenaars en sondaars, die randeier figure?"
- Jesus antwoord en haal aan uit Hosea: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars
- Jesus is Hosea! Hy gaan soek in obskure plekke (rooiligareas, bordele, tronke ens) vir die Gomers en betaal dan vir hulle op die slawemark – watookal die prys!
- Jesus 'completes' ~~me~~! Nothing needs to be added!

Wanneer ons ontdek ons is Gomer ...

- Ontdek ons ook daar is miljoene ander Gomers om ons
- Wanneer ons ontdek hoe onvoorwaardelik, onlogies, radikaal, skandalig Sy liefde vir ons is – dan sê ons: 'we have to love one another / we have to love and reach out to the unlovable!'
- As jy sê "hier is ek!" / nie in onsself nie – het Heilige Gees nodig!!!